



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2015**

**MEMORANDUM**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • Om troeteldiere te wees/as troeteldiere/Vir gewone mense is honde nie **net** (meer) troeteldiere nie.<br>• Om waghonde te wees/as waghonde/om wag te hou/om hulle op te pas. | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 1.2 | "om sekere dienste te lewer"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 3 |
| 1.3 | • Hulle fokus/is gefokus op wat hulle doen.<br>• Hulle is lewendig.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.4.1 | Gidshonde moet **geduldig** wees, want ...<br>• hulle lei blinde mense (wat dinge stadig doen).<br>• hulle lei blinde mense (wat onseker is).<br>• hulle is blindes se oë.<br>(Wat doen hulle vir die blindes of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.4.2 | Gidshonde moet **gehoorsaam** wees, want ...<br>• die blindes maak op hulle staat om opdragte uit te voer.<br>• die blindes is totaal van hulle afhanklik.<br>• hulle werk vir die blinde mense.<br>(Die afhanklikheid van die blindes of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.5 | • Herdershonde kan baie goed ruik/snuffel.<br>• Herdershonde het 'n baie akkurate reuksin.<br>• Herdershonde hou daarvan om na dinge te soek/dinge op te spoor.<br>• Herdershonde gooi nie maklik tou op nie/hou aan soek.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.6 | • B<br>• hulle aanhou met iets totdat hulle dit regkry.<br>• B hulle aanhou met iets totdat hulle dit regkry.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.7 | • Die Ierse wolfhond het lang bene.<br>• (Baie) lang bene.<br>• Die Ierse wolfhond kan tot 90 cm hoog staan.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.8 | • (Die Mexikaanse hond) het glad nie hare nie.<br>• (Die Mexikaanse hond) is kaal.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.9 | hoe die soort honde **lyk**. | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.10 | Honde het sowat 321 beendere/bene. ✓<br>Honde het 42 (permanente) tande. ✓<br><br>**OF**<br><br>Alle honde het ewe veel beendere/bene ✓ en (ewe veel) tande.✓ | 2 | 1 |
| 1.11.1 | • (Chihuahuas kan tot)**16 jaar** (oud word). | 1 | 2 |
| 1.11.2 | • Klein soorte honde kan tot 16 jaar oud word.<br>• Chihuahuas is die kleinste soort hond.<br>• Weeg minder as 3 kg/staan tussen 15 en 23 cm hoog.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.12 | • Honde/Hulle vreet graag vleis.<br>• Honde/Hulle is gebou om te jag.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.13 | • Reuk (aanvaar ook ruik/neus)<br>• Gehoor (aanvaar ook hoor/ore)<br>• Sig (aanvaar ook sien /oë)<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.14 | • C<br>• het hulle ma's nodig omdat hulle nog aan die ma's moet drink.<br>• C het hulle ma's nodig omdat hulle nog aan die ma's moet drink.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.15 | • Klein hondjies raak lief vir mekaar.<br>• Klein hondjies speel graag met mekaar.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.16 | • D<br>• hondsdolheid.<br>• D hondsdolheid.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.17 | • Dis net honde waarmee nie geteel word nie, wat gesteriliseer of gekastreer behoort te word.<br>• As 'n mens met honde teel, hoef hulle nie gesteriliseer of gekastreer te word nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.18 | • (Rondloperhonde) kan siektes/hondesiekte/hepatitis/ hondsdolheid oordra.<br>• (Rondloperhonde) pla by mense se huise, bv. om kos te soek.<br>• (Rondloperhonde) kan vullissakke oopskeur/mors op erwe.<br>• (Rondloperhonde) kan mense byt.<br>• (Rondloperhonde) kan skade aanrig, bv. mense se diere vang.<br>• (Rondloperhonde) kan met ander huishonde baklei/ander huishonde doodbyt.<br>• (Rondloperhonde) teel aan.<br>• (Rondloperhonde) veroorsaak ongelukke.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 4 |
| 1.19 | • Honde pas mense op/beskerm hulle.<br>• Honde is goeie troeteldiere.<br>• Honde is lojaal teenoor hulle eienaars/gee liefde/bly om jou te sien/betroubaar.<br>• Honde speel met mense.<br>• Honde is daar vir jou/help jou.<br>• Honde aanvaar jou net soos jy is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** | |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.20 | "Twitter"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 3 |
| 1.21 | "YouTube" en "Instagram"<br>*(Moet albei antwoorde korrek hê om punt te verdien)*<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 3 |
| 1.22 | "WhatsApp"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)* | 1 | 3 |
| 1.23 | • 25%<br>• Vyf en twintig %<br>• Vyf en twintig persent<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.24 | • B<br>• hoe tegnologie deur studente gebruik word.<br>• B hoe tegnologie deur studente gebruik word.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.25 | • ŉ Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie.<br>• Die prentjies help jou om beter te verstaan.<br>• Die visuele aspekte trek die leser se aandag.<br>• Dit lees vinniger./Daar is minder woorde.<br>• Dit is duideliker.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5<br>Vlak 4 | Waardering<br>Evaluering | 6 | 20% | 20% |
| Vlak 3 | Afleiding | 12 | 40% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Letterlik<br>Herorganisasie | 12 | 40% | 40% |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het**.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: WAT TE VEEL GASKOELDRANK AAN JOU LYF KAN DOEN

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 1 Desember 2011]

***Nota:***

- *'n Volsin bevat 'n werkwoord.*
- *Kandidate mag nie sinne of dele van sinne aanhaal nie.*
- *Sien slegs die eerste feit per sin na.*

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE<br>*(Wat doen te veel gaskoeldrank aan jou lyf?)* |
|---|---|---|
| 1. | Gaskoeldrank het nie vet in nie, maar dit bevat baie suiker wat baie sleg vir jou liggaam is. **As jy baie gaskoeldrank drink, is die kans groter dat jy tipe 2-diabetes kry.** | Gaskoeldrank kan veroorsaak dat jy tipe 2-diabetes kry. |
| 2. | As jy te veel gaskoeldrank drink, het dit 'n negatiewe effek op die werking van jou brein. **Dit kan veroorsaak dat jy moeilik leer en dinge maklik vergeet.** | Te veel gaskoeldrank kan veroorsaak dat jy moeilik leer/maklik vergeet.<br>Dit het 'n negatiewe effek op (die werking van) jou brein. |
| 3. | Sommige gaskoeldranke bevat baie kafeïen. Te veel kafeïen is sleg vir jou liggaam. **Kafeïen kan jou wakker hou.** | Die baie kafeïen in gaskoeldrank hou jou wakker. |
| 4. | Gaskoeldranke het bestanddele in wat keer dat die koeldrank sleg word. Hierdie bestanddele word preserveermiddels genoem. **Dié preserveermiddels kan die kaliumvlakke in jou liggaam verlaag en asma veroorsaak.** Kalium help om jou longe gesond te hou. | Gaskoeldrank kan jou kaliumvlakke verlaag/asma veroorsaak. |
| 5. | Daar is bestanddele in gaskoeldrank wat nie goed is vir jou maag nie. **Dit kan jou maag omkrap en dit laat pyn.** | Gaskoeldrank kan jou maag omkrap/laat pyn. |
| 6. | **Dokters sê dat gaskoeldrank die bene in jou lyf swakker maak.** Hoe meer gaskoeldrank jy drink, hoe sagter maak dit jou bene. Jou bene sal dus makliker breek of seerkry. | Te veel gaskoeldrank kan jou bene sagter/swakker maak.<br>Dit laat jou bene makliker breek/seerkry. |
| 7. | Gaskoeldrank het **baie suiker en sure wat die beskermende lagie wit emalje van jou tande afvreet.** | Die suiker en sure in gaskoeldrank vreet die emalje van jou tande af.<br>Dit maak jou tande sleg. |
| | **GETAL WOORDE = 185 woorde<br>(Disjunktief: ±200 woorde)** | **GETAL WOORDE = 59 woorde<br>(50–60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 2 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Letterlik | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Herorganisasie | | | |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

    - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
    - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
    - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is by ŉ meervoudigekeuse-vraag.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | • (Skool)kinders/leerders/skole/skoliere/studente<br>• Onderwysers<br>• Mense wat penne en boeke nodig het.<br>• Mense wat skryfbehoeftes nodig het.<br>*(Moenie spelling penaliseer nie)*<br>(Enige EEN) | 1 | 5 |
| 3.2 | • B<br>• daar is baie items om van te kies.<br>• B daar is baie items om van te kies.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.3 | • Die verskillende lettertipes trek die aandag na belangrike inligting.<br>• Die adverteerders beklemtoon sekere dele van die advertensie.<br>• Dit maak die advertensie interessant.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 3.4 | splinternuwe/splinternuut | 1 | 2 |
| 3.5 | "lae tariewe"<br>*(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)*<br>*(Moenie spelling penaliseer nie)* | 1 | 2 |
| 3.6 | Skryfboeke**,** handboeke en voorgeskrewe boeke!<br>*(Slegs die komma word aanvaar, om die frase korrek te maak.)* | 1 | 1 |
| 3.7 | vriendelikste | 1 | 3 |
| 3.8 | • C<br>• manipulering.<br>• C manipulering.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 3.9 | • jy<br>• jou<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.10 | • Die gebruik van letters van die alfabet wys dat dit iets met boeke en lees te doen het.<br>• ABC dui aan dat die winkel boeke en skryfbehoeftes verkoop.<br>• Leerders gebruik letters soos ABC om woorde te skryf.<br>• Mens kan alles van A tot Z by hierdie boekwinkel kry.<br>• Dit is 'n boekwinkel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** | |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Ma staan met haar hand in haar sy.<br>• Ma se mond is groot oop.<br>• Ma se oë is wyd oopgerek/wenkbroue is gelig.<br>• Ma se liggaamshouding lyk kwaai/aanvallend.<br>• Ma se wange is rooi.<br>*(Moenie spelling penaliseer nie)*<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 4.2 | Genugtig<br>*(Mag met kleinletter gespel word)* | 1 | 3 |
| 4.3 | Ma vra vir Pietie of hy nie tuiswerk het nie.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 4 |
| 4.4 | • druip<br>• dop<br>• faal/misluk<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 4.5 | ʼn Boodskap word deur Pietie gestuur.<br>*(Die hele sin moet korrek wees en uitgeskryf wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 4.6 | Julle jongmense sit elke dag stil voor die rekenaar.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| 4.7 | • gesels<br>• praat<br>• kommunikeer<br>*(Moenie spelling penaliseer nie)*<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 4.8 | • A<br>• iemand wat stadig is, ook uiteindelik klaarkry.<br>• A iemand wat stadig is, ook uiteindelik klaarkry.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 4.9 | slimmer | 1 | 4 |
| 4.10 | Nee, Pietie luister **nie** na sy ouers **nie**.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** | |

## VRAAG 5

### 5.1: LEESTEKS

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | hulle | 1 | 3 |
| 5.1.2 | ratel**s** | 1 | 3 |
| 5.1.3 | rond**e** | 1 | 3 |
| 5.1.4 | met | 1 | 3 |
| 5.1.5 | **ge**skud | 1 | 3 |
| 5.1.6 | **om** ŉ sekere geluid **te** maak<br>*(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 | 3 |
| 5.1.7 | snaarinstrument | 1 | 3 |
| 5.1.8 | ŉ | 1 | 3 |
| 5.1.9 | • een en twintig<br>• een-en-twintig<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 5.1.10 | Die mense sonder geld is baie **arm**.<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is.)* | 1 | 4 |
| 5.1.11 | Dit word ŉ duimklavier genoem **omdat** dit met die duime gespeel **word**. | 1 | 3 |
| 5.1.12 | kwêlafluit**jie** | 1 | 3 |
| 5.1.13 | SA<br>(*LET WEL: geen punte nie)* | 1 | 1 |
| 5.1.14 | plas – tiek | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **14** | |

## 5.2: PRENT

| VRAAG | ASSESSERINGRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | gelukkige | 1 | 4 |
| 5.2.2 | eetkamer | 1 | 2 |
| 5.2.3 | snytjie brood | 1 | 2 |
| 5.2.4 | vrugte | 1 | 2 |
| 5.2.5 | oopgetrek | 1 | 2 |
| 5.2.6 | langs | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |

| **Bloom se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 6<br>Vlak 5 | Sintese<br>Evaluering | 6 | 15% | 20% |
| Vlak 4<br>Vlak 3 | Analise<br>Afleiding | 23 | 57% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Begrip<br>Kennis | 11 | 28% | 40% |

**AFDELING D: LETTERKUNDE**

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: 'DIE OOREENKOMS' (20)**
**VERHAAL B: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' (20)**

**OF**

**VERHAAL A: 'OM LAASTE TE KAN LAG' (20)**
**VERHAAL B: 'OPGANG' (20)**

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: 'DIE OOREENKOMS' – Dalene Matthee**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | • Jakob en Willem het mekaar in die ouetehuis leer ken.<br>• Een van die oudste inwoners in die ouetehuis het gesterf.<br>• Jakob en Willem het oor lewe na die dood gesels.<br>• Jakob en Willem het ʼn ooreenkoms aangegaan. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.2 | • Willem se dood.<br>• Die nuus van Willem se dood.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.3 | • Die ooreenkoms (wat hulle gemaak het).<br>• Dat die een wat eerste sterf, vir die ander een ʼn teken sou kom gee.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.4 | • Hy het die lig laat brand.<br>• Hy het die Onse Vader opgesê.<br>• Hy het gebid.<br>• Hy het tot laat in die televisiekamer gebly.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.5 | • D<br>• … ʼn vergelyking.<br>• D … ʼn vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.6 | • Jakob wou met niemand anders/ʼn vreemde ʼn kamer deel nie.<br>• Jakob sou eerder die hoër losies betaal en alleen in die kamer bly.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.7 | In die kas | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8 | skelm | 1 | 3 |
| 6.9 | • Willem het vir Jakob ʼn teken kom gee (dat daar lewe na die dood is).<br>• Die prop wou nie om 5 uur oopdraai nie, maar wel om half ses.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.10 | • B<br>• … betroubaarheid.<br>• B … betroubaarheid.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.11 | JA<br>• As mense oud word, kan hulle nie meer vir hulleself sorg nie.<br>• Die ouetehuis se personeel sorg goed vir die ou mense.<br>• Hulle is saam met ander ou mense met wie hulle vriende kan wees.<br>• Hulle sal nie alleen wees nie.<br>• Daar is mense wat hulle kan help as hulle dalk siek word.<br>• Hulle is veilig.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>**OF**<br>NEE<br>• In party ouetehuise word ou mense nie goed versorg nie.<br>• As ou mense in ouetehuise is, is hulle weg van hulle families af/sien hulle nie gereeld hulle families nie.<br>• In party ouetehuise word ou mense afgeknou/seergemaak.<br>• Hulle hou van hul eie huise.<br>• Families kan beter na hulle omsien.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.12.1 | • C<br>• … was jare lank bedlêend.<br>• C … was jare lank bedlêend.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.12.2 | • D<br>• … het veertig jaar lank in die landboukoöperasie gewerk.<br>• D … het veertig jaar lank in die landboukoöperasie gewerk.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.12.3 | • E<br>• … het tot laat in die aand in die televisiekamer gebly.<br>• E … het tot laat in die aand in die televisiekamer gebly.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.12.4 | • A<br>• … het gesê die waglys vir ʼn kamer is lank.<br>• A … het gesê die waglys vir ʼn kamer is lank.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.13 | Goeie vriende:<br>• help jou as jy probleme het/in die moeilikheid is.<br>• verstaan jou beter as ander mense.<br>• ondersteun jou.<br>• luister na jou as jy met hulle praat oor dinge waaroor jy nie met jou ouers kan praat nie.<br>• kan geheime met jou deel.<br>• kan jou help as jy alleen of eensaam is.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

**VERHAAL B: 'ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK' – Abraham H de Vries**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | Rugby/rugby | 1 | 1 |
| 6.15 | • Barrydale het ʼn baie goeie/sterk span gehad.<br>• Barrydale se span was goed genoeg om WP te klop.<br>• Dit was die eerste keer dat onderwysers in Rooikoos se dorp se span ingesluit was.<br>• Die onderwysers in Rooikoos se span kon nie goed rugby speel nie./Rooikoos se span was swak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.16 | opgewonde | 1 | 3 |
| 6.17 | Hulle het hulle breiwerk gelos/op hulle skoot laat sak.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.18 | Hy het (op die losskakel) geskree/vloek/geraas gemaak. | 1 | 1 |
| 6.19 | • C<br>• nie geweet het wanneer om op te hou drink nie.<br>• C nie geweet het wanneer om op te hou drink nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.20 | (Met) die kelner/werker in die hotel/man wat die koffie gebring het. | 1 | 1 |
| 6.21 | • Rooikoos het gevoel sy baard is afgeskeer.<br>• Rooikoos het in die spieël gesien sy kop is swart.<br>• Rooikoos het sy klere aangetrek.<br>• Rooikoos het die hotel op sy eie dorp gebel. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.22 | • Rooikoos het te veel gedrink/was altyd in die kroeg.<br>• Rooikoos het gevloek.<br>• Rooikoos het nie goed na homself gekyk nie.<br>• As hy dronk was, het hy met ander mense moeilikheid gesoek.<br>• Rooikoos het nie goeie sportmangees openbaar nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.23.1 | • E<br>• “En my een swak puntjie – nuuskierigheid – is oersterk.”<br>• E “En my een swak puntjie – nuuskierigheid – is oersterk.”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.2 | • A<br>• “… ek werk al jare hier op Barriesdale.”<br>• A “… ek werk al jare hier op Barriesdale.”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.3 | • D<br>• “Ja, meneer. Ek ken hom, meneer.”<br>• D “Ja, meneer. Ek ken hom, meneer.”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.4 | • B<br>• “Ken jy vir Rooikoos Willemse, Jan?”<br>• B “Ken jy vir Rooikoos Willemse, Jan?”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.24 | • Rooikoos het na homself gesoek.<br>• Rooikoos het homself nie in die spieël herken nie, daarom wou hy uitvind wie hy was.<br>• Rooikoos wou uitvind of hy regtig Rooikoos was.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.25 | • D<br>• daar altyd gevolge is vir die dinge wat ’n mens doen.<br>• D daar altyd gevolge is vir die dinge wat ’n mens doen.<br><br>OF<br><br>• C<br>• ’n mens nie so baie moet drink dat jy omval nie.<br>• C ’n mens nie so baie moet drink dat jy omval nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.26 | • Dit is slegte maniere om te vloek.<br>• Dit ontsenu die spelers.<br>• Dit trek die spelers se aandag af/verloor konsentrasie.<br>• Dit is swak sportmangees.<br>• Dit stel ’n swak voorbeeld vir ander mense.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | % |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 8 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

**OF**

**VRAAG 7**

**VERHAAL A: 'OM LAASTE TE KAN LAG' – Pirow Bekker**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Oom Apie het ...<br>• los werkies (in en om die huis) gedoen.<br>• die messe geslyp.<br>• stukkende stoele reggemaak.<br>• die agterdeur reggemaak.<br>• die skarniere reggemaak.<br>• aan die dak gewerk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.2 | ŉ Stoel | 1 | 1 |
| 7.3 | • Sy stories/Hy was snaaks.<br>• Hy het mense poetse gebak.<br>• Hy het ŉ vrugbare verbeelding gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.4 | • Sy het sy kouse gestop.<br>• Sy het sy knope aangewerk/klere heelgemaak.<br>• Vir geselskap.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.5 | swartskaap | 1 | 3 |
| 7.6 | • B<br>• onverwags opgedaag.<br>• B onverwags opgedaag.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.7 | • Oom Apie was altyd skoon aangetrek.<br>• Oom Apie se knope was almal daar.<br>• Oom Apie se sokkies was altyd gestop.<br>• Oom Apie se stewels was blink.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 7.8 | • Hy het van sy vryheid gehou.<br>• Geld was nie vir hom belangrik nie.<br>• Geld was vir hom ŉ oorlas/Hy verpes geld.<br>• Hy wou nie die verantwoordelikheid van ŉ vrou hê nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 7.9 | • Oom Apie se jeugliefde se man het doodgegaan.<br>• Oom Apie se jeugliefde wou met hom trou.<br>• Oom Apie wou nie trou nie en het advies gaan vra.<br>• Oom Apie het gesterf en homself so uit die verknorsing gekry. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.10 | • D<br>• 'n metafoor<br>• D<br>• 'n metafoor<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11.1 | • D<br>• ... was 'n skatryk boer.<br>• D ... was 'n skatryk boer.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11.2 | • A<br>• ... het vir oom Apie baie presente gegee.<br>• A ... het vir oom Apie baie presente gegee.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11.3 | • B<br>• ... het hom verbeel hy sien oom Apie lag.<br>• B ... het hom verbeel hy sien oom Apie lag.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11.4 | • C<br>• ... het gesê oom Apie moes liewers trou.<br>• C ... het gesê oom Apie moes liewers trou.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.12 | • Ek sou vir almal vertel dat dit nie die waarheid was nie.<br>• Ek sou met haar praat en vra om dit nie te doen nie.<br>• Ek sou weggegaan het na 'n ander plek.<br>• Ek sou dit geïgnoreer het/aangegaan het asof niks gebeur het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.13 | • Oom Apie het doodgegaan om sodoende uit die moeilikheid te kom.<br>• Oom Apie het sy jeugliefde uitoorlê/uitgevang.<br>• Oom Apie het deur sy dood homself van 'n troue gered.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

**VERHAAL B: 'OPGANG' – Ina Rosseau**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.14 | • Haar/Hannetjie se man.<br>• Lukas<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 7.15 | • Sy het al baie lank vir 'n masjien gewag.<br>• Sy het nie gedink hulle kon 'n masjien bekostig nie.<br>• Sy het nie gedink dat haar man so iets sou doen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.16 | • A<br>• 'n vergelyking.<br>• A 'n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.17 | • Die kinders het vir hulle vertel.<br>• Hulle het dit by die kinders gehoor.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.18 | • Lukas het gesê dat Hannetjie die enigste mens was wat aan die masjien mag vat.<br>• Lukas het gesê die kinders mag nie met die masjien lol nie.<br>• Lukas het gewaarsku dat hy niemand by die masjien wou sien nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 7.19 | beter | 1 | 3 |
| 7.20.1 | • Sy het Hannetjie toegelaat om met haar masjien te werk.<br>• Hannetjie kon haar masjien gebruik om nate te stik.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.20.2 | • Sy het Hannetjie 'n sukkelaar genoem/Haar gekritiseer.<br>• Sy het vir Hannetjie voorgeskryf hoe om die masjien te gebruik.<br>• Sy het vir Hannetjie gevra om eers haar voete af te vee voor sy in haar huis kom.<br>• Sy het gesê as Hannetjie haar masjien gebruik het, het sy die gare geknoop.<br>• Sy wou eers seker maak dat die lap nie te dik was nie.<br>• Sy het gesug/haar skouers opgeruk toe Hannetjie met die masjien wou werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.21.1 | • B<br>• "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?"<br>• B "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.21.2 | • A<br>• “Dis die nuutste masjien in die straat hierdie, ...”<br>• A “Dis die nuutste masjien in die straat hierdie, ...”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.21.3 | • E<br>• “ Wie s’n is dit, ...?”<br>• E “Wie s’n is dit, ...?”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.21.4 | • C<br>• “Dis swaar om te glo jy’s Piet se suster.”<br>• C “Dis swaar om te glo jy’s Piet se suster.”<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.22 | • B<br>• dit jou nie beter as ander mense maak as jy iets het wat hulle nie het nie.<br>• B dit jou nie beter as ander mense maak as jy iets het wat hulle nie het nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23 | • Lukas het die nuwe naaimasjien in die sitkamer gaan sit.<br>• Hannetjie het kort-kort die deksel afgehaal om na haar masjien te kyk.<br>• Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe masjien kom kyk.<br>• Lot het na Hannetjie se huis toe gekom om te voel hoe die nuwe masjien stik. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.24 | • Ek sou haar toegelaat het om op my masjien te werk.<br>• Ek sou presies met haar gedoen het soos sy altyd met my gedoen het.<br>• Ek sou haar nie toegelaat het om met my nuwe masjien te werk nie.<br>• Ek sou nie so ongeskik met haar gewees het soos sy met Hannetjie was nie.<br>• (Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.25 | • Hulle maak dan altyd net op jou hulp staat.<br>• Hulle leer nooit om hulleself te help nie/onafhanklik te wees nie.<br>• Hulle verwag maar net dat jy hulle sal help.<br>• Hulle waardeer later nie meer wat jy vir hulle doen nie.<br>• As jy mense kans gee om hulself te help, kry hulle selfvertroue/voel hulle menswaardig.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | % |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 8 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou